

N vuurtoring liggie in die donker nag

'n Vuurtoringliggie in die donker nag

Wendy Maartens

Een warm somernag skenk Daphne Nkosi op Newcastle in KwaZulu-Natal aan 'n babaseuntjie, Xolani, geboorte. Terwyl die verpleegsters skarrel om hom skoon te maak en in 'n kombersie toe te draai, sien Daphne deur die venster hoe 'n reuse-ster met 'n helder **reënboogstert** deur die lug streep.

“Suster,” fluister sy met 'n glimlag. “Die oumense glo 'n helder ster wat **verskiet**, is 'n teken dat 'n beroemde persoon gebore word. My seuntjie gaan nog eendag beroemd word!”

Die suster vee Daphne se voorkop af. “Dis seker maar die medikasie wat jou sterre laat sien, mevrou Nkosi,” troos sy en sit Xolani in sy ma se arms. Die kleintjie huil met so 'n harde stem dat sy vir 'n oomblik wonder of hy nie dalk tog 'n politikus of sanger gaan word nie. Maar dan onthou sy Daphne Nkosi se hospitaallêer sê dat sy en klein Xolani albei met die MIV-virus besmet is.

“Mevrou Nkosi, ek het baie slegte nuus,” sê die dokter 'n rukkie later. “Die kans is skraal dat jou seuntjie langer as 'n jaar sal leef.”

“Dit kan nie wees nie, Dokter,” stry Daphne. “Ek het self die ster gesien wat die boodskap gebring het. Xolani gaan nog eendag **beroemd** word. Jy sal sien!”

Die dokter sit sy hand op Daphne se arm. “Sterkte,” is al wat hy sê voordat hy omdraai en by die teater uitstap.

Teen die tyd dat Xolani 'n jaar oud is, is sy mamma reeds siek. *Wat gaan van my seuntjie word as ek nou moet sterf?* wonder sy dag en nag.

Gelukkig kry hulle blyplek in Johannesburg. Dit is waar die gawe Gail Johnson werk. Hulle voel sommer gou tuis. Xolani speel heeldag lank en **babbel** land en sand met sy nuwe maats. *Hy kwetter nes 'n vinkie in 'n vyeboom, dink Daphne. 'n Mens sal nooit sê daar is so 'n gevaarlike virus in sy klein lyfie nie.*



Vraag 1

Gee die Engelse woorde vir die volgende tremms

1.1)

- Reënboogstert
- Beroemd
- Verskiet
- Fluister
- Politikus

1.2) “ Dis seker maar die medikasie wat jou sterre laat sien”

Wat word deur hierdie gesegde bedoel ?

1.3) “ die kleintjie huil met so ’n harde stem”

Hoekom dink jy wonder die ma of hy nie dalk ’n politikus of ’n sanger gaan word nie, wat het die feit dat hy ’n harde stem het te doen met hierdie twee beroepe?

Vraag 2

2.1) Hoekom dink jy se die dokter dat die kans is skraal dat die seuntjie langer as ’n jaar sal leef?

2.2) “sterkte” is al wat hy se. Hoekom dink jy het die dokter nie meer gesê nie?

Vraag 3

3.1) Die gesegde “babbel land en sand” met sy maats, wat dink jy beteken dit ?

3.2) Gee ’n voorbeeld van ’n vergelyking in die laaste paragraaf

3.3) “mens sal nooit se daar is so ’n gevaarlike virus in sy klein lyfie nie”

Watse aksies doen die klein seuntjie wat maak dat sy ma dit se ?

Vraag 4

4.1 Skryf die volgende sine in die verlede tyd

4.1.1) Die dokter sit sy hand op Daphne se arm .

4.1.2) Se die dokter ’n rukkie later.

4.2) Skryf die volgende sine in die toekomstige tyd:

4.2.1) Die suster vee Daphne se voorkop af.

4.2.2) sy sit Xolani in sy ma se arms

4.3) Waarvoor staan MIV

4.4) Gee die afkorting van Johannesburg

4.5) Gee die trappe van vergelyking vir “klein”

Vraag 5

Hierdie storie is ongelukkig 'n hartseer storie, waar alby die ma en die seuntjie dood gaan. Daar is baie wat ons kan leer uit hartseer stories maar in hierdie tyd van onsekerheid is dit beter dat ons nie nou na hartseer stories kyk nie. Aan die einde van die eerste bladsy het daar nog niks slegs gebeur nie, skryf die res van die storie oor maar maak dat daar 'n beter einde vir Daphne en vir Xolani is.

Die storie moet ten minste 150 woorde of 'n A4 bladsy wees, onthou om die stappe van die skryf proses te gebruik, naamlik jy moet 'n brein kaart maak en 'n rofweg hê.